**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Lukas 18:1-8 & Markus 6:30-52

**Fokusvers:**

Lukas 18:8, Markus 6:46 & 52

**Tema:**

Volharding in die geloof beteken sagte harte en harde knieë.

**Datum:**

13 Julie 2025

## 1. <u>Inleiding</u>

Geliefdes,

Oral waar ŉ mens kom in die Weskus word daar gebou. Nuwe **winkels**, ou winkels wat opgradeer word, nuwe **huise** en selfs waar ons **parkeer** word daar gebou. As gevolg daarvan is daar baie mense wat konstruksiewerk doen.

Daar is egter ŉ groot verskil tussen ŉ bouer (toesighouer) en die bouer (messelaar). Albei noem hulself bouers, maar die een bou en die ander een maak seker daar word gebou. Iemand in die konstruksiebedryf het my eendag geleer hoe om die verskil tussen die twee agter te kom. Die verskil lê op die plek waar hulle eelte het.

Die messelaar is iemand wat *gereeld* met gereedskap werk, *herhaaldelik* swaar voorwerpe optel en *heeltyd* handewerk verrig. Oor tyd pas hulle hande aan, die vel waar die gereedskap druk word hard en grof. Hierdie bouer se eelte is op sy hande.

Aan die anderkant is die toesighouer, meermale iemand met skoon en sagte hande. Sy eelte vorm op sy elmboog, omdat hy gereeld in die bakkie sit...

****[KP]****

Tog is daar ook iets oor die geloof hierin opgesluit. Daar is ŉ verskil tussen iemand wat die huis bou en iemand wat homself ŉ bouer noem. Só is daar ook ŉ verskil tussen iemand wat hulself ŉ Christen noem en iemand wat ŉ ware gelowige is.

Hoe kan ons tussen die twee onderskei? Die verskil lê op die plek waar die eelte gevorm het.

Om dit te ondersoek, kyk ons vanmore na twee tekste. Soos ons deur die teksgedeeltes werk, geliefdes, vra jouself af: "*Waar het my eelte gevorm?*"

## 2. Liggaam

### 2.1. Eelte op die hart:

In die eerste plek kyk ons na Markus 6. In Markus se Evangelie is daar ŉ vraag wat telkens opduik; by die dissipels, die skare, selfs by koning Herodes: "*Wie is Hy?*"

- "*Wie is Hy dat Hy sondes vergewe?*" (Mark. 2:7)
- "*Wie is Hy dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?*" (Mark. 4:41)
- "*Wie is Hy dat sulke kragte deur Hom werk?*" (Mark. 6:14)

In Markus 6 sê die dissipels nie die woorde hardop nie, maar hulle reaksie wys dat hulle steeds nie vir Christus raaksien vir wie Hy werklik is nie.

****[KKP]****

In die begin van die hoofstuk lees ons hoe Jesus die dissipels uitstuur na die omliggende dorpe. Wanneer hulle in die dorpe kom, moet hulle bekering preek, siekes genees en bose geeste uitdryf. En alhoewel die dissipels gehoorsaam uitgaan, alhoewel hulle Hom volg, is daardie vraag steeds in hulle agterkop: "*Wie is Hy...*"

In vers 30 keer hulle terug van hulle sending. Hulle is opgewonde om alles te deel, maar ook geestelik en fisies moeg. Jesus se eerste woorde aan hulle is dan ŉ uitnodiging (6:31): "*Kom julle saam na ŉ verlate plek en rus ŉ bietjie op julle eie.*" Hulle het vir ander gesorg, nou moet hulle self versorg word. Met die afsondering berei die Here hulle ook voor vir wat gaan volg.

In vers 32 klim hulle saam in ŉ boot en vertrek na ŉ verlate plek om op hulle eie te wees. Maar die skare mense sien hulle en volg hulle te voet. Voordat die boot nog aan land kom, wag die mense alreeds daar.

Die hele beeld moet ons laat terugdink aan die uittog uit Egipte. Ons sien die groot groepe mense wat op ŉ verlate plek bymekaar is. Ons sien hoedat Jesus die skare innig jammer kry, omdat hulle soos skape sonder ŉ herder was. Hierdie is dieselfde woorde wat vir die volk gebruik was.

In die woestyn het die Here elke keer ŉ leier gestuur om hulle te lei (Num. 27:17). Eers Moses, later Joshua, maar nou is Jesus hulle herder. En soos God hulle van kos voorsien het, sal Jesus ook nou doen. Hy deel hulle selfs op in groepe van honderd en vyftig, net soos Israel destyds in die woestyn.

Deur sy dade openbaar Christus sy identiteit: **Hy is die Here** self, die God wat Israel in die woestyn versorg het. Hier, onder hulle, is iemand meer as Moses en ŉ groter leier as die herder-koning Dawid.

****[KP]****

Maar Christus openbaar sy identiteit selfs verder in die gedeelte. Nadat Jesus die skare gevoed het, stuur Hy die dissipels weg na die oorkant van die see. Hy bly self agter en gaan die berg op om te bid.

In die Ou Testament is daar twee belangrike figure wat ŉ berg opgaan, en bo-op die berg die Here ontmoet, die een is Moses en die ander is Elia. Aan albei van hulle verskyn die Here in sy heerlikheid. Maar omdat geen mens die Here kan sien en bly leef nie, lees ons dat die Here net *agter hulle verby gaan*.

In Job 9 sê Job dat God die een is wat die: "*Die hemel uitspan.. Hy is die een wat groot, ondeurgrondelike dinge doen en wonders sonder getal. Hy is die een wat stap op die golwe van die see. Hy gaan langs my verby, dan sien ek Hom nie, en Hy skuif verby sonder dat ek Hom bemerk.*".

Terwyl die dissipels verskrik in die middel van die see is, lees ons: "Toe kom Jesus *op die see na hulle toe aangeloop, en Hy wou by hulle verbygaan.*"

Geliefdes, verstaan julle wat hier gebeur. Jesus het hulle nie per ongeluk misgekyk nie, maar Hy is besig om Homself aan hulle bekend te maak. Hy is die een wat verby Moses en Elia gegaan het, dit is Hy van wie Job gepraat het. En wat sê Hy vir hulle in vers 50?: "*Hou moed, dit is Ek!*" Net soos die Here aan Israel gesê het: "*Dit is Ek*!"

**[LP]**

Maar hier lê die groot hartseer van die teks. Alhoewel Christus Homself so duidelik bekendmaak, lees ons in vers 52: "*Die dissipels het nie begryp wat met die brode gebeur het nie, omdat hulle harte verhard was.*"

Die dissipels het Jesus se wonderwerke gesien, hulle het sy openbaring beleef. Maar ondanks daarvan het hulle nie verstaan nie, want hulle harte was hard.

Broers en susters, sulke harde harte is ʼn groot probleem. Die wat met eelte op hulle harte rondloop, raak ongevoelig en verloor die sensitiwiteit van geloof. Wanneer ons eelte op ons harte groei, dan kan ons nie Christus raaksien vir wie Hy werklik is nie. Dit is dan wat die evangelie nie meer indring nie, want die vel is te dik.

En wanneer ons harde harte met eelte op het, dan is daar ernstige gevolge. Kyk hoe het dit die dissipels beïnvloed:

1. Hulle maak geen vordering nie. In vers 48 staan daar hulle het: "*geworstel met die roeiery, want die wind was teen hulle.*" Hulle het eintlik tot ʼn stilstand gekom in die middel van die see. Alhoewel dit hulle fisiese nood was, praat dit ook dieper van ons geloof.
2. In hulle mislukking om die Here te sien vir wie Hy is, raak hulle bang en begin hulle skreeu. Vers 50 sê hulle was "*vreesbevange.*"

Maar juis in die dissipels se oomblik van nood, sien ons die Here Jesus se genade. Hy stel hulle gerus: "*Hou moed, dit is Ek! Moenie langer bang wees nie!*" Christus se teenwoordigheid laat die wind gaan lê.

**[KP]**

Geliefdes, kom ons vat net vir ʼn oomblik saam.

Die dissipels misluk om Christus te herken vir wie Hy werklik is. Maar hulle gebrek aan insig was nie 'n verstandelike fout nie, dit was 'n hartsaak. Hulle verstaan nie, want daar het eelte op hulle harte gegroei.

Soos ons die bouer kan uitken deur die eelte op sy hand, so is 'n harde hart dikwels 'n teken van **ongeloof**, maar dit kan ook gebeur met gelowiges wat **traag** word in hul verhouding met die Here. Soos die dissipels probeer ons self roei, maar ons kom nêrens nie. Ons stagneer en worstel. Ons raak vreesbevange en moedeloos. Dit kan selfs gebeur dat sommiges skipbreuk lei.

Daarom gee God ook uit sy genade vir ons die gelykenis in Lukas 18.

### 2.2. Sagte harte en harde knieë:

In hoofstuk 17 leer die Here Jesus wat gaan gebeur aan die einde van die tyd met sy wederkoms. Hy skets vir ons 'n beeld van hoe die mense in daardie tyd gaan wees.

Aan die een kant gaan mense *voortgaan asof alles normaal is*. Hulle sal eet, drink, trou, koop en bou asof niks gaan gebeur nie. Dit is baie keer hoe die lewe lyk van mense met eelte op hulle harte. Lewens wat geen rekenskap met God hou nie.

Die tyd voor Christus se wederkoms gaan ook *'n tyd van verdrukking en beproewing* vir gelowiges wees. Daar gaan baie onreg wees, en gelowiges gaan vervolging beleef.

Beide hierdie omstandighede is ideaal vir eelte om te groei op die hart. Dit is in tye soos dit wat mense nie vir Christus raaksien vir wie Hy werklik is nie. Die sorge van die lewe neem oor, ons stagneer en raak moedeloos. Die eerste ding wat verlore gaan in sulke tye, is gebed. Ons raak stil, ons hou op om met God te praat.

Die Here Jesus weet dit, en daarom vertel Hy die gelykenis in hoofstuk 18.

In vers 1 lees ons dat Jesus die gelykenis vertel om duidelik te maak: "*Dat dit **nodig** is om altyd te bid en nie moed te verloor nie.*" Hoor mooi geliefdes, dit is nie goed of belangrik nie,

nee dit is **nodig**. Want kyk wat sê die Here in vers 8: "*Sal die Seun van die Mens, wanneer Hy kom, geloof op aarde vind?*"

Die fokus is op **geloofsvolharding**, maar die gelykenis handel oor **gebed**. Jesus sê hiermee daar is 'n verhouding tussen gebed en geloof. 'n Ware gelowige is 'n volhardende gelowige. En 'n volhardende gelowige is 'n biddende gelowige, met sigbare eelte op sy knieë.

Hoe word die Christen van naam en die ware gelowige van mekaar onderskei? Ware gelowiges is waaksaam, afhanklik en biddend. Om dit te verstaan, vertel Jesus vir ons die gelykenis van die onregverdige regter en die weduwee.

In die gelykenis sien ons enkele punte wat uitstaan:

- Die feit dat hierdie weduwee op haar eie na die regter toe kom, beteken dat sy niemand anders het wat haar kan bystaan nie. Sy is totaal en al weerloos en al wat sy soek, is dat geregtigheid geskied. Hierdie regter is dus ook die enigste een wat haar kan uitkoms gee!
- Die regter het beide 'n kulturele en morele verpligting om die weduwee se saak te hoor, maar hy ignoreer haar. Hy het geen ontsag vir God en steur hom ook nie aan mense nie. Uiteindelik is al wat hom tot inkeer bring, die vrou se volhardende en gedurige smeking.

Jesus stel hierdie gelykenis as 'n <u>uiterse kontras</u> teenoor God se verhouding met ons. As selfs 'n korrupte regter toegee, **hoeveel te meer sal God**, wat regverdig, liefdevol en goed is, geregtigheid laat geskied aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep?

Die gelykenis leer dat volhardende gebed die kenmerk én die voeding van ware geloof is. Juis hier is die teken van 'n ware gelowige, nie 'n harde hart nie, maar harde knieë. Eelte op ons knieë, afhanklik en smekend voor God.

Soos Paulus herhaaldelik in sy briewe skryf:

- "*Bid sonder ophou.*"

- “*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.*”

Christus weet dat in die laaste dae baie se geloof sal begin wankel. In baie harte sal eelte groei. Baie Bybels sal stof vergader. Baie mense sal moed verloor en ophou bid. As daar een ding is wat geloof lewend hou, is dit volgehoue en opregte gebed. Gelowiges wat vlug tot God, want dit is Hy alleen wat ons saak kan behartig. Dit is Hy alleen wat ons kan gee wat ons nodig het, na liggaam en siel.

Dit gaan nie oor die lengte van ons gebede of die woorde wat ons gebruik nie. Dit gaan daaroor om by Christus te wees. Dit gaan daaroor om vir Christus te sien vir wie Hy is. Dit gaan daaroor dat ek weet dat God my hoor, daarom gee ek nie moed op nie.

Die kerkvader Augustinus het gesê:

“*Om te kan bid, moet ons geloof hê. En om nie ons geloof te verloor nie, moet ons bid.*”

### 2.3. Praktiese wenke:

Voordat ons afsluit, deel ek ŉ paar praktiese wenke vir elkeen wat ŉ gebedslewe wil kweek:

1. Gewoontes begin met klein stappies. Begin vaste patrone kweek en gedissiplineerd daarby hou. Probeer om elke dag op jou knieë te begin en op jou knieë te eindig.

2. Hou aan bid en moet nie moeg word nie. Volhardende gebed beteken nie dat jy altyd iets voel of hoor nie. Dit beteken dat jy **gedurig** voor God kom.

3. Bid saam met ander. As kerk moet ons mekaar hierin bystaan! Maar ook as gesinne, bid saam jou man of vrou. Leer jou kinders om te bid.

4. Hou jou gebede eenvoudig en opreg. Soms is daar net pyn en stilte. Maar selfs sugte en trane is ŉ gebed (Romeine 8:26).

5. Laastens, ŉ volhardende gebedslewe is nie ŉ skouspel nie. Dit is dikwels stil, altyd afhanklik en bowenal volgehoue.

**3. <u>Slot</u>**

Ek sluit af.

Hoe kan ons onderskei tussen iemand wat homself ŉ Christen noem en ŉ ware gelowige? Die bewyse lê in die eelte. Wanneer die Seun van die mens kom, sal Hy die eelte vind op ons harte of op ons knieë?

Mag ons elkeen geken word aan ons sagte harte en harde knieë.

# Amen